



NG JEFFREYSBAAI

Raak bewus

Dis goeie Vrydag. Die virus gaan ons nie keer om saam met mekaar en God tyd te spandeer nie. Raak net eers bewus van alles wat jy kan hoor, raak bewus van God by jou, en geniet hierdie tyd saam met Hom. Gee jou gedagtes en emosies oor aan Hom sodat Hy deur jou kan spoel...

Oordink die Woord

Ons gaan so bietjie in stilte nadink oor elke kruiswoord. Ek wil nie inhoud daaraan gee nie. Dit is nie onbekend nie. Ek sal sommer net graag saam met julle opnuut daarvoor nadink.

As jy gister saam met die nagmaal kersies aangesteek het, is jy welkom om dit nou weer aan te steek. Ek gaan die kruiswoorde hieronder lys. Lees dit een op 'n slag, hardop. Dink daarvoor na. Gee dit tyd. Dit jou reis met God. Moet nie te vinnig aanbeweeg nie. Voor jy aanbeweeg na die volgende een, kan jy 'n kersie doodblaas. Hou so aan tot net die Christuskers oorbly. Jy kan dit aan die einde doodblaas, as simbool van Jesus se sterwe.

- Jesus het gesê: “Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie.”
- Jesus het gesê: “Ek verseker jou: Vandag sal jy saam met My in die paradys wees.”
- Jesus het vir Sy moeder gesê: “Daar is u Seun.” Daarna sê Hy vir die dissipel: “Daar is jou moeder.”
- Jesus het hard uitgeroep: “Eli, Eli, lema sabagtani?” Dit is: “My God, my God, waarom het U my verlaat?”
- Hierna het Jesus gesê: “Ek is dors.”
- Nadat Jesus die suur wyn gekry het, het Hy gesê: “Dit is volbring!”
- Jesus het hard uitgeroep: “Vader, in U hande gee Ek my gees oor.”

Gebed

Eintlik behoort ons vandag af te sluit sodat ons te bid. Dit sal ons help om net weer te onthou hoe bevoorreg ons is om met hierdie God te kan praat. Maar jy hoef nie te nie - besluit wat vir jou reg voel vandag.